WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

Vrydag 20 Januarie tot Maandag 29 Januarie – **MATT 14 & 15**

MATT 14 – DIE HERE JESUS IS DAAR VIR ONS

Vertel dit vir Jesus (1–12). Die dissipels van Johannes die Doper was verstom en uit die veld geslaan, want Johannes is onthoof. Daarom het hulle hul hartseer met Jesus kom deel. Die lewe sal sy teleurstellings en hartseer oplewer. Ons moet leer hoe om dit te hanteer en in besonder om Jesus daarmee in ons vertroue te neem, Hy sal jou help (Ps. 55:22; 1 Petrus 5:7). Vir my is ‘n aangrypende teksvers Jes 63:9. Ons kan die Here soek in ons tyd van verdriet.

Bring dit na Jesus toe (13–21). Die Twaalf het gesê: “Stuur hulle weg!” Maar Jesus het gesê: "Bring wat jy het vir My!" Gee Hom alles, en Hy sal dit gebruik om in die behoefte te voorsien. Hy kan die onmoontlike doen met alles wat geheel en al aan Hom gegee is. Jy kan selfs mense na Hom toe bring wat sy aanraking nodig het (v. 35).

Kyk na Jesus (22–33). Sommige storms kom as gevolg van ons ongehoorsaamheid, maar hierdie een het gekom omdat hulle Jesus gehoorsaam het. Petrus het wel op die water geloop; maar toe sy aandag afgelei word deur gevare rondom hom, het hy sy oë van Jesus afgehaal. Ons kyk na Jesus deur geloof wanneer ons Sy woord vertrou (Heb. 12:1–3). Pasop vir die afleidings wat die duiwel oor ons pad bring.

Hou die oë op Jesus
Kyk op in sy vriendelik gesig
Alle aardse dinge word nietig en klein
By sy heerlike liefde en lig

“*He is near when He seems absent. He is watching when He seems blind. He is active when He seems idle.***”** G. Campbell Morgan

MATT 15 - JESUS EN VERSKILLENDE MENSE SE REAKSIES

Ons Here Jesus se dissipels het nooit geweet wat volgende sou gebeur nie! Jy kan jou eie reaksies op die uitdagings van die lewe in oënskou neem terwyl jy jouself beoordeel in terme van **hoe** Jesus en dan ook die dissipels drie verskillende situasies hanteer het.

Mense wat aanstoot neem (1–20). Jesus het die mensgemaakte tradisies van die skrifgeleerdes en Fariseërs verwerp omdat hulle op die uiterlike gefokus het en die innerlike mens totaal geïgnoreer het. Hierdie manne was plante wat NIE deur God geplant is nie (13:24–30) en blinde gidse wat mense om die bos gelei het. Wat was ons Here se raad ? Vers 14 *"Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val."*

Volhardende mense (21–31). Weereens was die dissipels verkeerd. Dit het gelyk of Jesus die vrou ignoreer, maar Hy wou haar geloof versterk. Sy vertragings is nie ontkennings van Sy kant nie. Jesus het in heidense gebied gedien, en die volk het *"die God van Israel verheerlik"* (v. 31).

Honger mense (32–39). Die dissipels het reeds die wonderwerk vergeet om die vyfduisend te voed! Wanneer jy voor 'n krisis te staan kom, neem tyd om Sy vorige genade te hersien; herinner jouself daaraan dat Hy nie verander nie.

Probeer om vandag op mense te reageer soos Jesus gereageer het. Vra Hom vir onderskeidingsvermoë.